

19 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 9:1-18  
Fokusgedeelte: DL, 1:10

### God het my gekies net omdat Hy wou!

Waarom sou God sekere mense uitkies en hulle red? Sou Hy na hulle goeie hoedanighede gekyk het voor Hy besluit het wie sou Hy kies? Sou Hy na hulle manier van lewe gekyk het? Sou goeie hoedanighede en 'n goeie lewe die voorwaardes wees waarop ons gekies word? Nee, dan sou niemand gekies kon word nie, want ons almal is sondaars wat die dood verdien.

Wat sou dan die oorsaak van hierdie genadige verkiesing wees? Ons belydenis antwoord hierop: "... inderdaad slegs die welbehae van God." Hierin weerklink die woorde van God aan Moses in Eksodus 33:19 wat ook in Romeine 9:15 aangehaal word: "Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek my wil ontferm." Hierop sê Romeine 9:16: "Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is." Verder sê vers 18: "Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil ..."

Omdat Hy wou het Hy "sekere, bepaalde mense uit die hele menigte sondaars as sy eiendom aangeneem". Niemand moet dus so verwaand wees om te dink dat hy verdien om uitverkies te word nie. Nee, God het mense gekies wat Hy wou kies. Hy kon ander gekies het as Hy wou, maar Hy het nie, want Hy wou nie. Hy is tog die heilige, almagtige, onafhanklike, soewereine God wat kan doen wat Hy wil en kan kies wie Hy wil.

Die mense wat in Jesus glo, die uitverkorenes, u en ek, moet dus laag voor God buig en Hom dank dat Hy ons uitverkies het, nie omdat ons dit verdien het nie, maar net omdat Hy ons wóú kies! Leef dan vandag soos iemand wat God wou kies en gekies het!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~